

Skriflesing: 1 Thessalonicense 4:13-18

Teks: 1Thessalonicense 4:14,17

Sing- Ps. 150:1,3; Ps. 19:4; Ps. 90:8,9; Ps. 148:1,3

1Th 4:13 Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.

1Th 4:14 Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.

1Th 4:15 Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.

1Th 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

1Th 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.

1Th 4:18 Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.

Skriflesing: 1 Thessalonicense 4:13-18

Teks: 1Thessalonicense 4:14,17

Sing- Ps. 150:1,3; Ps. 19:4; Ps. 90:8,9; Ps. 148:1,3

Broeder en suster- Dit het ons alreeds by herhaling kon raaksien, dat hierdie oudste geskrif van Paulus is rede tot groot dankbaarheid. Al was Paulus maar drie weke in die stad vóór hy moes vlug het hy vanuit Rome vir Timotheus na hulle teruggestuur om hulle te bemoedig en te versterk. En wanneer Timotheus weer terug is dan skryf Paulus hierdie brief want is hy so bly oor wat Timotheus aangaande die gelowiges in hierdie stad kon vertel. Hulle geloof, hulle arbeid, hulle liefde, hulle volharding, alles dui daarop dat God vir hulle goed is. U sal onthou hoe Paulus in hfst. 1 hulle by 'n naam noem wat ons nie baie hoor nie. Hulle is die *bemindes van die Here. Ons weet van julle verkiesing, broeders wat deur God bemin word.* In 2 Thessalonicense 2:13 staan dit weer dat hulle deur God bemin word.

Wanneer ons by vandag se gelese gedeelte kom dan sluit dit aan by hfst. 3:10- daar sê Paulus dat hy wil *voltooi wat aan julle geloof ontbreek.* Nou kom ons agter dat al het Paulus in elke hoofstuk tot waar ons vandag is oor die wederkoms van Jesus Christus geskryf, is dit wel duidelik dat ons rondom die wederkoms baie nugter moet wees. Al staan die gemeente kop bo skouers uit wat hulle geloof en hulle liefde aanbetref is dit asof daar by hulle wat hulle hoop aanbetref iets kort. Hulle het nodig om in hulle hoop versterk te word. Al is geloof en liefde heel positief moet die hoop nie beskaam nie.

Wanneer daar oor hoop gepraat word gaan dit natuurlik oor die toekoms. My en jou toekomsverwachting is ingesluit in wat ons hoop moet wees. Baie keer is ons oor die toekoms onseker. Dit is presies wat Paulus hier aan die einde van hfst. 4 op wys. Ons weet nie wat die toekoms nog vir ons inhou nie. Tog weet ons WIE die toekoms in sy hande het. Al weet ons nie WAT om in die toekoms te verwag nie. Ons weet wel WIE om te verwag. Ons Here Jesus Christus wat weer na ons gaan kom.

Die Here wil dat ons 'n lewende verwagting moet hê. Dit is ook een van die groot redes waarom hierdie gedeelte hier geskryf staan. Moet nie die wederkoms sien as iets vir die verre toekoms, iets heel op die agtergrond waarop mens nie regtig op ingestel is nie. Daar moet by die gelowige kind van die Here 'n ware lewende wederkoms verwagting wees. Wanneer die wederkoms sal plaasvind weet ons nie, daaroor handel hfst. 5 in besonderhede, maar dat ons baie aktief betrokke gaan wees in die gebeurtenis daarvan, dit moet ons goed weet. En nou het die gemeente in hulle wederkoms verwagting die troos dat of ons lewe of ons reeds gesterwe het, dat ons nie vanmekaar geskeie sal wees nie. Ja, die Thessalonicense brief worstel in 'n sekere sin met die skeidingspakkete waarmee ons in hierdie lewe mee te doen kry. Paulus worstel daarmee dat hy van Thessalonika moes wegvlug, in die opsig is dit vir hom swaar om van hulle geskeie te wees. Dit was die eerste skeidingspakket.

Dit gaan egter nie maar net om Paulus se skeidingspakket nie. Ons mense worstel met meer en nog groter skeidingspakkette, ja by kindertjies is daar selfs die term skeidings angs. Kindertjies wat in angs ingaan as hulle nie gereed is om van hulle ouers weg te wees nie. Spesifiek wil Paulus ons, in wat Christus ons mee wil vertroos en versterk, wys op die skeidingspakket wat eintlik vir ons geen skeidings angs hoef te wees nie.

Ons het hier wéér te doen met twéé soorte van skeidinge. Christus het na die hemel opgevaar. 'n Wolk het Hom van ons geskei. Dan kry ons selfs 'n derde vorm van skeiding wat vir ons in hierdie lewe baie swaar is. Ons geliefdes kom te sterwe en ons moet geskeie van hulle die lewe verder ingaan. Dit is nie maklik nie. U wat dit ervaar, wat self in hierdie skeiding leef, u sal baie beter daarvoor kan praat.

Nou het ons hier met volkome troos te make. Wanneer mens se hoop versterk moet word kan dit nie gebeur deur 'n mens onseker en troosteloos agter te laat nie. Hoop het altyd met troos en met sekerheid te make. Hierdie troos, hierdie sekerheid staan vir ons vas en duidelik. Kyk

net eers na die aspek van sekerheid. Seker kan ons wees dat ons ontslape geliefdes nie agtergelaat sal wees nie. Ons hoef hier nie onkundig te wees of hieroor te twyfel nie. Die woord onkundig kom maar 5 maal in die Bybel voor. Hier gebruik Paulus spesifiek die woord in die veld van om iets te weet. Hy het inligting daaroor. Dit gaan oor dinge wat nie sommer geïgnoreer kan word nie.

Die wederkoms kan nie op die agtergrond geskuif word nie, maar die wederkoms bring eintlik iets wonderlik mee. Ons moet nie vir die dood bang wees nie, net so min moet ons vir die wederkoms bang wees. Ons hoef nie die dood te vrees nie, want weet ons, ons is nie daaroor onkundig nie, Christus het die dood oorwin. In Christus se opstanding, ja in wat Christus reeds gedoen het, daarin sit ons troos. Ons moet nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.

Ja, kom u agter hier het ons weer iets wat ons kan noem 'n skeidingspakket. Daar is hulle in die wêreld wat by die graf van hulle geliefdes sal treur en sal aanhou treur want hulle het geen hoop nie. Ons wat in Christus is, ons wat in Hom glo, ons is geskeie van hulle wat treur sonder hoop. Ons kan treur, ja ons treur by die graf van ons geliefdes as mense wat hoop het. Hoop (in die Grieks *ἐλπίς* (elpis)- wys op ons het iets om na uit te sien. Dit gaan daaroor dat dit tot ons voordeel is, ons kan met vertroue hierna kyk.

Solank ons op hierdie aarde is, sal daar altyd grafte wees. Oop grafte waarby ons sal moet staan, selfs wéér hulle wat by jou en my graf moet staan as ons te sterwe kom. Hieroor was die gemeente in Thessalonika verward en bang. Hulle het geglo dat ná Christus se hemelvaart sy wederkoms spoedig sal wees. Hulle het geglo dat die wederkoms nog midde-in hulle lewe sou wees. Nou weet ons wat al omtrent 2000 jaar na die hemelvaart leef dat hierin het die gemeente baie nodig gehad dat Paulus hulle moes reghelp. Paulus moet voltooi wat aan hulle geloof ontbreek. Hulle verloor van hulle geliefdes deur die dood, terwyl hulle verwag het, Christus sal kom voor dit met enigeen van hulle sal gebeur dat hulle sal sterwe. Watter ontugtering en teleurstelling waarmee daar gewerk moes word.

Ons kan ons indink, hulle verwag 'n troue, hulle verwag hulle Bruidegom, hulle wil na aanleiding van die gelykenis van die bruidegom deel wees van 'n bruilofstoet, maar skielik is dit 'n begrafnisstoet. Inplaas van engele in wit klere kom die begrafnisondernemers met hulle swart gewade. Inplaas van die bruilofskleed die doodskleed. Inplaas van

vreugdesange, trane! 'n Graf en 'n begraafplaas is van die mees troostelose en hartseer plekke as ons na al die grafte kyk en ons is nie deel van die één graf wat vir alle gelowiges die belangrikste graf moet wees wat daar kan wees, juis omdat dit 'n leë graf is. Vers 14 lê hierop alle nadruk- *Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring...* Dit staan in 'n volsin met alle sekerheid. Dit is asof ons met saamgeperste sekerheid werk. Waarheid wat ingelê is. Ons kan dit maar weet. Christus sal die ontslapenes saam met Hom bring.

Watter heerlike gebeurtenis wat hier na vore kom. Nog belangriker dat ons raaksien dat Paulus praat nie maar vanuit sy eie idees nie. Hy stel dit duidelik dat dit wat hy hier aan hulle verkondig *sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.* In die vorige hoofstuk het ons al agtergekom Paulus is lief vir sportterme, terme uit die atletiekwêreld. Hier is weer só 'n woord. Ons sal nie voor wees nie, bedoelende ons sal hierdie resies nie wen nie. Die wenners op die baan is nie die lewendes en die mense in die grafte is hoegenaamd nie die verloorders, hulle wat hierdie resies nie kon voltooi nie. Née, Paulus stel dit baie sterk, in die Grieks staan hier 'n dubbele ontkenning- *...ons wart in die lewe oorbly... sal die ontslapenes hoegenaamd nie voor wees nie...*Die aspek van sekerheid is duidelik en staan eerste.

Daarna kom die aspek van troos. Ons troos is as't ware in ons sekerheid ingebou. En weereens is dit wat die Here hier deur Paulus aan ons bekendmaak met aangrypende beelde geopenbaar. Veral as ons vanaf die atletiekbaan kan oorskuif na die militêre milieu. Paulus sien drie tekens wat gaan plaasvind as die wederkoms plaasvind. Die Here sal kom met 'n geroep... Die Here sal kom met die stem van 'n aartsengel... Die Here sal kom met trompetgeskal.

Ja, die groot Koning se aankoms word vergelyk met wat destyds gebeur het as die bevelvoerder van 'n groot leër oorwinnend van die oorlogveld terugkeer. Almal is bly maar dissipline en aandag is van die grootste belang. Vir die liggame in die grafte klink die bevel soos op 'n paradegrond. Dit weergalm as die groot Offisier van die hemelse leërskare oor al die grafte gaan uitroep, dit sal die opstandingsbevel van God wees. AANDAG.... STAAN OP! Christus bring met Hom saam nie net sy eie heerlijkheid nie, maar die heerlijkheid wat elke graf gaan oopruk. Die ontslapenes, hulle wat gesterf het, hulle sal die eerste wenners

wees, hulle sal eerste opstaan. Hulle opstanding gaan alles vooraf. En dan kom die wat in die lewe oorgebly het ook in gelid. Hulle word as't ware gevoeg by dié wat nou uit die grafte gekom het.

Daardie driedubbele bevel van aandag...staan op en terwyl God roep, kondig die aartsengel die boodskap aan en daarna die trompetgeskal waar die trompetklank dikwels in die Bybel die wederkoms aankondig. In dit alles wat eintlik as een magtige daad , één magtige openbaring gaan plaasvind, sal ons en ons geliefdes, almal wat in die Here gesterwe het tot eenheid saamgevoeg word.

En dan kom vers 17 met die mooiste van mooi wat ons ons net kan probeer indink. U sal onthou hoe Jesus na die hemel opgevaar het, het 'n wolk Hom van sy dissipels geskei. Die wolk van God heerlijkheid het Hom van ons weggeneem, maar nou met sy wederkoms is die wolke die heerlikste getuies van wat gaan gebeur. Soos aanrollende wolke kan ons dit sien gebeur. Dit gaan 'n ontmoeting in die lug wees.

Ja, ons het gestel dat hier het ons militêre prosedure wat gevolg gaan word. Wanneer die bevelvoerder na 'n groot veldslag oorwin het, keer hy terug na sy stad en sy mense. Gewoonlik het die berig van die oorwinning die stad bereik lank voordat die bevelvoerder nog self in die stad aangekom het. Ons oumense het gepraat van 'n bos telegram. Dinge wat onself sou wou vertel loop ons vooruit, hoe weet ons nie, maar die berig van die oorwinning het die bevelvoerder vooruit geloop, ja die krag van die woord is vinnig en is sterk. En nou het dit gebeur dat die mense in die stad begin in hulle hordes die stad uit te hardloop, op die pad om hulle generaal wat oorwin het, daar vêr buite die stad al tegemoet te gaan.

Ja, van ons oumense gepraat, dit was vroeër gewoonte in die kerke op die platteland wanneer 'n dominee na 'n gemeente beroep is en hy het die beroep aanvaar, dat op die dag van sy ontvangs dan het die mense van daardie dorp op 'n afgespreekte plek buite die dorp hulle nuwe dominee se koms ingewag en wanneer hy kom het daar 'n heerlike ontvangs alreeds buite die dorp plaasgevind. As ek so van die ou notules lees, wil dit my lyk selfs baie van die toesprake en dinge is sommer al daar buite die dorp gehou en dan het hulle saam na die saal teruggekeer waar die verdere ontvangs en verwelkomings hulle dan afgespeel het.

Presies hierdie gedagte van buite die stad, buite die dorp vind daar alreeds 'n ontmoeting plaas is wat ons in vers 17 moet opval. Die wolke ontmoet mekaar. Die Here wat in 'n wolk na ons gaan terugkeer, maar diegene op aarde, almal in Christus, almal verheerlikte heerlikes, alle liggame het reeds die heerlijkheid van Christus se liggaam ontvang, almal nou gelyk aan Christus se liggaam, met hierdie verheerlikte liggaam gaan ons ook *met wolke weggevoer word, die Here tegemoet in die lug*. Ja, dit is wat ons kan noem wegraping as ons die term uit sekere chiliastiese groeperinge mag leen. Daar gaan dan 'n wegraping plaasvind. Daar in die lug ontmoet ons die Oorwinnaar, Jesus Christus wat in sy finale triomftog nou na ons terugkeer.

Ja, broeder en suster ons trek die finale lyne. Wanneer die ontmoeting in die lug plaasvind dan gaan dit nie ons wees wat hemel toe gaan nie, maar, om dit so te mag stel, dit gaan die hemel wees wat aarde toe gaan kom. Die hele optog, duisende en duisende mense gaan vanuit die lug na 'n nuwe veranderde wêreld terugkeer. Ja, so sal ons altyd by die Here wees- in hierdie wêreld. Ons besef na vandag Jesus kom nie na ons terug as eensame eenling nie, nee Hy kom terug as middelpunt van die verlore mensheid. Hy kom met sy triomferende kerk. Ja, dit wat in Kol 3:4 staan is wat plaasvind. *Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlijkheid geopenbaar word.*

Ja, geliefdes dit waarmee 1 Thessalonicense 4 mee eindig dat *so sal ons altyd by die Here wees*. Watter beter vooruitsig, watter sterker hoop, wat groter sekerheid kan daar wees as net hierdie gedagte. **OM ALTYD BY DIE HERE TE WEES**. Daar kan niks beter wees nie. Dit is die finale kulminasie van alle geskiedenis. Ons dink nie sentimenteel oor ons toekoms om ook eendag darem in die hemel te wees nie, nee ons finale tuiste gaan weer hierdie aarde wees. Hierdie aarde met al sy pyn en worsteling en erosie en kwynende hulpbronne en sterwende massas, hierdie aarde met sy geskiedenis, hier waar ons woon, hier gaan eendag weer ons laaste en finale tuiste wees, maar die aarde gaan nuutgemaak wees, so nuut soos wat ons liggame en ons lewens ook dan gaan wees.

Alles wat ons nou doen, kom ons doen dit met die oog op die nuwe wêreld. In die politiek word baie wêreldse planne gemaak, baie wêreldse wil saamwerk, die laaste tyd hoor ons baie van die BRICKS -lande, Brasilië, Rusland, Indië, China, Kuba, Suid-Afrika, ja wêrelddekkende ekonomiese stort in duie, almal verlang na 'n beter lewe, van die lande word gesien as Derdewêreldlande, maar ons het die grootste en die finale sekerheid wat die politiek ons nie

kan bring nie, maar wel dit wat ons vandag gelees het. God se wêreld, dit wat Hy finaal vir ons gaan gee, ons kan mekaar midde-in die omstandighede waarin ons verkeer bemoedig. Dit is ook Paulus se raad- *Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde...* Ons lewe nou al met die oog op die toekoms. Ja, 'n atleet begin sy resies met die oog op die eindstreep, so moet ons lewe elke dag ook wees. Hier waar ons nou is, reeds met die oog op die einde. Dit bepaal 'n mens se hele lewenshouding en lewenstyl. Om eendag altyd by die Here te wees moet ons nou al gewoon wees om by die Here te leef. Leef as kerk van Hom. Soek sy teenwoordigheid in alles wat daar in jou en my lewe aan die gang is. Die eerste van drie dinge vind tog nou al plaas. Hy roep na jou, tot die dag wanneer die aartsengel en die trompette ook gehoor sal word.

AMEN